# 10 Dae 2023:
## VOORBEREIDING VIR DIE OES

*Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan*
*voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande;*
*en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!*
*Openbaring 7 ; 9+10*

*En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.*
*Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees;*
*en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*
*En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.*
*Mattheus 28; 8-20*

**10 Dae is deel van God se plan om die kerk te laat herleef en te verenig, om die verlorenes te red, en uiteindelik die weg voor te berei vir Sy wederkoms.** Hierdie 10 "Dae van Ontsag" is gewortel tussen die **Trompettefees** (Rosh Hashanah) en **Die dag van Versoening** (Yom Kippur). Hierdie feeste is die profetiese heenwyse na die wederkoms van Christus. God trek `n groot menigte van elke nasie, stam, volk en taal na Homself. Ons opdrag van God is om saam Hom te werk sodat Sy koninkryk kan uitbrei en groei totdat almal van die glorie van God gehoor het.

**Ons is geroepenes om n rol te speel in die verkondiging van die Goeie Nuus, maar dit begin by `n plek/hart vol van aanbidding..** As seuns en dogters van die Allerhoogste God, gevul met die liefde van God, word ons gedryf om hierdie liefdes boodskap te deel met ander mense..

**God werk deur gebede wat gevul is met geloof, deur Sy kinders wat beweeg in deernis en die oproep tot gehoorsaamheid.** Tydens die afgelope paar jare het gebed en missies in verhouding saam gewerk

**Die Groot Opdrag bly in werking.** Selfs na 2000 jaar se geskiedenis

- 80 persent van die wêreld se Moslem bevolking ken nie n enkele Christen nie..
- 1708 volke het nog nie n bybel in hul eie taal beskikbaar nie.
- 5,000 nasies van 2.6 biljoen mense het minder as 1 uit 1000 Jesus volgelinge..
- 500 miljoen Sjinese sal nie van Jesus hoor nie, selfs al hou ons aan doen wat ons doen.

**Hierdie 10 Dae Beweging verenig baie bedieninge regoor die wêreld in gebed, wat die evangeliese bewegings saam voeg.**

`n Nuwe inisiatief, Pray 110 (www.110cities.com), geinspireerd deur die verhaal van die Morawiërs 300 jaar gelede, is onlangs bekend gestel.. Die fokus op hierdie 110 stede kom na navorsing, wat gedoen is deur globale huiskerkbewegings, wat bevind het dat die oes in hierdie stede ryp is.Daar is ook bevind dat al die onbereikte volke, van die aarde, in hierdie stede. verteenwoordig word! Die huiskerkleiers het ook genoem dat hulle reeds spanne gereed het on kerkplanting in hierdie stede te kan begin van nou af tot 2025.

**Ons vertrou dat God hierdie stede vir 10 Dae sal stop vir bekering; gebede; vasting; aanbidding rondom Sy troon; dag en nag; regoor die wêreld – bid ons ook vir transformasie en herlewing regoor hierdie 110 strategiese wêreldstede..** God se begeerte is dat niemand verlore sal gaan nie maar dat almal tot bekering sal kom.. Jesus nooi almal uit om weg te draai vanaf die koninkryk van hierdie wêreld, na God se koninkryk van geregtigheid, vrede en blydskap in die Heilige Gees

*En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.*

*Openbaring 22:17*

**10 Dae nooi elke byeenkoms om een van hierdie 110 stede aan te neem vir gefokusde gebed.** Wanneer ons dan bymekaar kom om te bid, bekeer en draai weg van die wêreldse weë en keer terug na God se weë. Bid dan ook so bit die aangenome stad sodat hulle dieselfde transformasie sal beleef.

**Ons sal elke dag bid vir n *weg draai* van van die dinge van die wêreld na n *terug draai na* ons Koning Jesus en Sy Koninkryk.** Ons sal `n streek van die wêreld uitlig, `n 110 stad as sleutel vir die streek, (verskillende stede), en `n gebed vir die gelowiges, die kerk en die verlorenes
Dag 9 en 10 sal n strategiese stad uitgelig word vir die Amerikas en Carribië wat die tuistes geword het van vlugtelinge en ook die sendingsbasisse daar van sendelinge. Terwyl U dan vir uself bid, bid asseblief ook vir u gemeenskap, die staat waarin u woon en u nasie. Asook vir hierdie stede en volke sodat hulle sal wegdraai van die koningkryk van duisternis sodat die Lig van die Seun van Geregtigheid oor hulle sal skyn. Bid asseblief ook ernstig vir die stad wat u aangeneem het vir daaglikse gebede.

**Bid dat God meer arbeiders sal opwek om in die ryp oeslande van die wêreld te werk tot Sy eer**

## 10 Dae Se Daaglikse Temas

| DRAAI WEG: | KEER TERUG: |
|---|---|
| Day 1: Duisternis | Light |
| Day 2: Belangeloosheid | Passie vir Verlorenes |
| Day 3: Verdeeldheid | Eenheid in die Kerk |
| Day 4: Veroordeling | Liefde |
| Day 5: Veiligheid | Diensbaarheid |
| Day 6: Beheer | Oorgawe |
| Day 7: Vrees vir mense | Vrees vir God |
| Day 8: Gierigheid | Vrygewigheid |
| Day 9: Liefde vir die Wêreld | Lewe vir die Koninkryk |
| Day 10: Rond Kyk | Kyk op |

# DAG 1: KEER TERUG UIT DIE DUISTERNIS NA DIE LIG

TITUS 2:11 - 14

*Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn*
*en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe,*
*terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus,*
*wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke.*

**GEBED: U is ons Vader in die hemel, heilig is U Naam**

**1 SAMUEL 2:2** *"Niemand is heilig soos die HERE nie; ja, daar is niemand buiten U, en daar is geen rots soos onse God nie.."*

**EKSODUS 15:11** *"HERE, wie is soos U onder die gode? Wie is soos U, verheerlik in heiligheid, gedug in roemryke dade, een wat wonders doen?"*

**BELYDENIS:**


*VERGEWE ons omdat ons eerder ons eie weë kies en nie onsself plaas onder U liefdevolle en wyse leierskap en leiding nie.Vergeef ons vir ons sonde o, Here;*

- *Begeerlikeheid van die vlees*
- *Begeerlikeide van die oë*
- *Grootsheid van die lewe – trots*

**1 Johannes 2:15-17** Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie.
Want alles wat in die wêreld is;die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe;is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.
En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig

***Ander stede in hierdie streke:***

- Phnom Penh, Cambodia
- Vientiane, Laos
- Yangon, Myanmar
- Bangkok, Thailand
- Ho Chi Minh, Vietnam
- Hanoi, Vietnam
- Kuala Lumpur, Malaysia
- Bandung, Indonesia
- Makassar, Indonesia
- Medan, Indonesia
- Banjarmasin, Indonesia
- Surabaya, Indonesia




**UITROEP VIR DIE OES IN: *JAKARTA, INDONESIë***
**110 CITIES STREKE: *SUID-STILLE OSEAAN/SUIDOOS ASIë***

*HELE STREEK : 723 miljoen mense*
*755 Onbereikte nasies*
*33 Mensegroepe*

**PSALM 67:2-3** *"Mag God ons genadig wees en ons seën; mag Hy sy aangesig by ons laat skyn! Sela. Sodat die mense op aarde u weg kan ken, onder al die nasies u heil"*

Bid dat die Here, hulle wat nog in duisternis wandel sal vrymaak om na Sy Lig te bekeer.

1. Bid dat menigvuldige gemeenskappe `n wydverspreide openbaring van die glorie van die Here sal beleef (Hab. 2:14 *Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die HERE soos die waters die seebodem oordek.)*
2. Bid ook dat daar Bybels vertaal sal word in die sleuteltale van hierdie streke: West Albay Bikol, Brunei, & Phuan.

**SPREEK TEEN DIE DUISTERNIS IN JOU BUURT SODAT DIE LIG VAN GOD KAN SKYN.**
Bid vir almal terwyl jy in jou buurt rondloop vandag. Wanneer jy iemand teëkom knoop `n gesprek aan en vra "Waarvoor kan ek nou vir jou bid?".

1 Petrus 2 : 9+10
*Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is.*

# DAG 2: DRAAI WEG VAN BELANGELOOSHEID NA PASSIE

**1 JOHANNES 3:17-18 ":17** *Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom?*
*My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid.*
*."*

**GEBED : U IS EMMANUEL, GOD MET ONS.**

**MATTHEUS 1:23** *Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons.*

***Ander stede in hierdie streke:***

- Pyongyang, North Korea
- Ulaanbaatar, Mongolia
- Beijing, China
- Guangzhou, China
- Kunming, China
- Xining, China
- Chengdu, China
- Hohhot, China
- Wuhan, China
- Nanning, China
- Tokyo, Japan

**ROMEINE 5:8** *maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.*

**BELYDENIS:**
*Vergewe ons omdat ons nie U voorbeeld nastreef nie. U, Jesus, het nie in U glorie en rus gebly nie; U het ons gered terwyl ons U vyande was.*
*Vergewe ons omdat ons gemak en gerief meer ag eerder as om aksie te neem om U Woord te verkondig al is dit ongerieflik .Vergeef asseblief ons sonde O, Here.*

- *Arrogansie*
- *Onbesorg*
- *Belangeloos*

**ESEGIëL 16:49-*50*** *Kyk, dít was die ongeregtigheid van jou suster Sodom: In trotsheid, oorvloed van brood en sorgelose rus het sy en haar dogters geleef, maar sy het die hand van die arme en behoeftige nie versterk nie.*
*En toe hulle hoogmoedig was en gruwelikheid voor my aangesig bedryf het, het Ek, toe Ek dit sien, hulle weggeruim.*

**ROEP UIT VIR DIE OES IN: BEIJING, CHINA**
110 CITIES REGION: *NOORDOOS ASIë*

*HELE STREEK: 1.639 Biljoen mense*
*525 Onbereikte nasies*
*305 Mensegroepe*

**MATTHEUS 5:14-*16*** *Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie;*
*en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is.*
*Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.*




1. Bid vir gelowiges om gedryf te word deur dieleifde van God om na die verlorenes uit te reik.
2. Bid vir die ondergrondse kerke om te volhard in die verkondiging van die evangelie
3. Bid vir bybel vertalings in die sleuteltale in hierdie streke: Chinese Sign Language, Jinyu Chinese, Min Zhong Chinese.

VERANDER VAN BELANGELOOSHEID NA PASSIE:
Besoek verskillende kultuur reataurante, winkels en buurte in jou area vandag.
Terwyl u deur die buurt loop spreek, biddend, liefde en lewe oor almal van hierdie kulture uit.

**MATTHEUS 28:18-20** *En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.*
*Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*
*En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen*.

# DAG 3: DRAAI WEG VAN VERDEELDHEID NA EENHEID

**EFESIERS 4:1-6** *Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is,*
*met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra*
*en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede.*
*Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping;*
*een Here, een geloof een doop,*
*een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is.*

**GEBED: U IS DIE DRIE-ENIGE GOD, EENHEID IN DIVERSITEIT.**

**1 PETRUS 1:1-*2*** *Petrus, 'n apostel van Jesus Christus, aan die vreemdelinge van die verstrooiing in Pontus, Galásië, Kappadocië, Asië en Bithínië,*

*uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus Mag genade en vrede vir julle vermenigvuldig word*!

**LUKas 3:22 "***en die Heilige Gees het in liggaamlike gedaante soos 'n duif op Hom neergedaal; en 'n stem het uit die hemel gekom wat sê: U is my geliefde Seun; in U het Ek 'n welbehae."*

**BELYDENIS:** *Vergewe ons vir ons selfsugtigheid om meer van onsself te dink as aan ander; omdat ons meer dink aan selfverheffing as om ander bo ons te stel; omdat ons, ons eie aansien meer ag eerder as om Jesus as die hoogste gesag te eer deur in liefde vir ander mense om te gee. Vegewe asseblief ons sonde, o God "*

- *Selfsugtigheid en verdeeldheid*
- *Verhoging van my eie mense, groep bo andere*
- *Versuim om die Here en andere met onderdanigheid te dien*


**1 Korinthiërs 12:24-27** *"terwyl ons sierlike lede dit nie nodig het nie; maar God het die liggaam saamgestel en aan die misdeelde lid oorvloediger eer gegee,*
*sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra.*
*En as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.*
*Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik.*

***Ander stede in die streek:***

- Kathmandu, Nepal
- Chittagong & Dhaka, Bangladesh
- In India: Ahmadabad, Amritsar, Asansol, Bangalore, Bhopal, Delhi, Hyderabad, Jaipur, Kanpur, Kolkata, Lucknow, Mumbai, Patna, Prayagraj, Siliguri, Srinagar, Surat & Varanasi

**ROEP UIT VIR DIE OES IN: Mumbai, India**
110 CITIES REGION: ***SUID ASIë***

*HELE STREEK : 1.869 biljoen mense*
*3,661 Onbereikte nasies*
*3,148 Mensegroepe*




**PSALM 22:28** *".Al die eindes van die aarde sal daaraan dink en hulle tot die HERE bekeer, en al die geslagte van die nasies sal voor u aangesig aanbid.*
*"*

1. Bid vir gelowiges om saam as een in Christus te kan werk.
2. Bid dat die skeidsmure van verskillende strome in vermenigvuldige gemeenskappe afgebreek sal word.
3. Bid vir bybel vertalings in die sleuteltale in hierdie streke: Kachari, Khah, and Spiti Bhoti

   Draai van verdeeldheid na eenheidKontak vriende en familielede en nooi hulle om saam u in gebed in te tree tydens die bidure:.

**GALASIëRS 3:28** *"Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.*
*."*

# DAG 4: DRAAI WEG VAN VEROORDELING NA LIEFDE

**1 JOHANNES 4:20-21 "***As iemand sê: Ek het God lief—en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie?*
*En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê.*

**GEBED: U IS DIE AMBASSADEUR EN VERSOENER**

**2 kORINTHIëRA 5:18-20** *"En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het,*
*naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.*
*Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen.*

**EFESIëRS 2:14-17 "***Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het*
*deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het.*
*En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was;*
*."*

**BELYDENIS:** *Vergwe ons dat ons haat en onvergewensgesindheid in ons harte koester terwyl U ons vir soveel misdade vergewe het. Vergewe ons, ons sonde o, God*

- *Vooroordeel en haat*
- *Bitterheid en onvergewinsgesindheid*
- *Versuim om ander life te hê soos wat U ons liefhet.*

***Ander stede in hierdie streek:***

- Pakistan: Islamabad, Karachi, Peshawar, Quetta, and Multan
- Iran: Isfahan, Mashhad, Shiraz, Tehran, Karaj, Kermanshah, Qom, Tabriz, Ahvaz
- Kabul, Afghanistan
- Baku, Azerbaijan
- Almaty, Kazakhstan
- Bishkek, Kyrgyzstan

**ROMEINE 12:17-21** *"vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense;*
*as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.*
*Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here.*
*As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop.*
*Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.*
*."*

**UITROEP VIR DIE OES IN: Tashkent, Uzbekistan**
110 CITIES REGION: ***SENTRAAL ASIë***

*HELE STREEK: 304.5 miljoen mense*
*398 onbereikte nasies*
*295 mensegroepe*




**KOLOSSENSE 1:21-22** "Ook julle wat vroeër vervreemd was en vyandig gesind deur die bose werke, het Hy nou versoen in die liggaam van sy vlees deur die dood, om julle heilig en sonder gebrek en onberispelik voor Hom te stel;

Vra die Here om kulturele en gelowige vooroordele van gelowiges te verwyder

Bid vir die liggaam van Christus om vooroodeling te oorwin deur hul vyande life te hê.

Bid vir bybel vertalings in die sleuteltale in hierdie streke: Khorasani Turkish, Afghan Sign Language, and Suidwes Pashai.

**DRAAI WEG VAN VEROORDELING NA LIEFDE:**
Vra die Here om jou te wys of as daar bitterheid/onvergewensgesindheid in jou hart teenoor iemand is; gaan na hulle, vra vergifnis en herstel verhoudings indien moontlik..

**Fillipense 2:3-4** "."Maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin.
Fil 2:3 Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself

# DAG 5: DRAAI WEG VAN VEILIGHEID NA DIENSBAARHEID

***Ander stede in hierdie streke:***

- Algiers, Algeria
- Tripoli, Libya
- Nouakchott, Mauritania
- Rabat en Marrakech, Morocco
- Muscat, Oman
- Dubai, UAE
- Tunis, Tunisia
- Sana'a, Yemen
- Mecca, Medina and Riyadh, Saudi Arabia
- Mosul, Basra, and Baghdad, Iraq
- Amman, Jordan
- Beirut, Lebanon
- Homs and Damascus, Syria
- Jerusalem, Israel

**Fillipense 2:5-8 "***Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.*
*Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie,*
*maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword;*
*en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.*
*…"*

**GEBED: U is die Redder en Bevryder.**

**PSALM 18:16-19** *En die beddings van die waters het sigbaar geword, en die fondamente van die wêreld is blootgelê vanweë u dreiging, o HERE, vanweë die geblaas van die wind van u neus.*
*Hy het uit die hoogte sy hand uitgestrek, Hy het my gegryp, Hy het my uit groot waters getrek.*
*Hy het my verlos van my magtige vyand en van my haters, omdat hulle te sterk was vir my.*

*Hulle het my oorval op die dag van my nood; maar die HERE was my steun.*
*…"*

**JESAJA 43:2 "***As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere—hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie.*
*."*

**BELYDENIS:**


*Vergewe ons as ons vasklou aan veiligheid te bang om U te volg as dit risikos vereis. Versterk ons met U onfeilbare liefde wat alle vrese verwyder. Vergewe ons, ons sonde o, God.*

- *Omdat ons die redding van die verlorenes en onbereikbares vervang met godsdienstige aktiwiteite.*
- *Twyfel en ongeloof eerder as geloof en gehoorsaamheid.*

**SPREUKE 24:11-12** *"Red die wat na die dood gesleep word, en die wat na die slagbank wankel, hou hulle tog terug!*
*As jy sê: Kyk, ons het dit nie geweet nie!;sal Hy wat die harte toets, dit nie merk nie? En Hy wat let op jou siel, Hy kom dit te wete. En Hy vergeld die mens na sy werk.''*

110 CITIES REGION: ***MIDDE OOSTE /NOORD AFRIKA***

*HELE STREEK: 402 million population*
*398 onbereikte nasies*
*295 mensegroepe*




**LUKAS 24:46-47** *En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan,*
*en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder.*

1. Vra God om jou in geloof sterk te maak sodat jy die risikos sal hanteer om in liefde ander te dien.
2. Bid vir die liggaam om met vrymoedigheid in die gapings te beweeg om die koninkryk voort te bou.
3. Bid vir bybel vertalings in die sleuteltale in hierdie streke: Sanaani Spoken Arabic, Omani Spoken Arabic, & Moroccan Sign Language.

**DRAAI WEG VAN VEILIGHEID NA DIENSBAARHEID:**

Maak n opoffering om vandag vir iemand anders te dien op n praktiese manier; veral n ongelowige.. (Voorbeeld:. Meld aan vir vrywillige hulp by n tuiste vir haweloses/ sopkombuis. Besoek n ouetehuis ensovoorts)

**ROMEINE 15:20-21** *"Maar só, dat ek my eer daarin gestel het om die evangelie te verkondig, nie waar Christus alreeds bekend was nie om nie op die fondament van 'n ander te bou nie*
*maar soos geskrywe is: Hulle aan wie niks van Hom vertel is nie, sal dit sien; en hulle wat nie gehoor het nie, sal dit verstaan.""*

# DAG 6: DRAAI WEG VAN BEHEER NA OORGAWE

**2 KRONIEKE 30:8** *Maar hy het die raad van die oudstes wat hulle hom gegee het, in die wind geslaan en raad gehou met die jongmanne wat saam met hom grootgeword en in sy diens gestaan het.*

**GEBED: U ALLEEN IS WAARDIG**

**JUDAS 24-25** "Aan Hom nou wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig,

Jud 1:25 aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in alle ewigheid! Amen.

**OPENBARING 5:11-12** *Toe sien ek, en ek hoor 'n stem van baie engele rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en hulle getal was tien duisende van tien duisende en duisende van duisende;*

Opn 5:12 *en met 'n groot stem het hulle gesê: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof.*

***Ander stede in hierdie streek:***


- Djibouti, Djibouti
- Addis Ababa, Ethiopia
- Mombasa, Kenya
- Mogadishu, Somalia
- Khartoum, Sudan

**BELYDENIS:** *Vergewe ons omdat ons hardnekkig vashou aan die beheer van vrees, ongeloof en twyfel. . Help ons om eerder ons aan U wil onderdanig te wees want U is die Koning van die konings en die Heer van die here. Vergeef ons, ons sondes o,God*

- *Aan U kom toe alle gesag*
- *Onderdanigheid aan U is ons redelike godsdiens*

**ROMEINE 12:1-2** *"Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.*

*En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.*




**UITROEP VIR DIE OES IN: DAR ES SALAM, TANZANIA**
110 CITIES REGION: ***OOS & SUID AFRIKA***

*HELE STREEK : 621 Miljoen mense*
*355 onbereikte nasies*
*148 Mensegroepe*

**PSALM 67: 3:** *Sodat die mense op aarde u weg kan ken, onder al die nasies u heil.*

1. Bid dat die Heilige Gees elke gelowige sal versterk om ten volle vir God te vertrou en gehoorsaam sal wees
2. Bid vir gemeenteleiers om beheer oor te gee aan die Here en onderdanig te wees aan die Heilige Gees se leiding en tydsberekeninge.
3. Bid vir bybel vertalings in die sleuteltale in hierdie streke : Hungu, Makhuwa-Saka, and Rombo.

**DRAAI WEG VAN BEHEER NA OORGAWE:**

Vra God om jou die areas in jou lewe waaraan jy vashou vir beheer te openbaar.. Spandeer in stilte n paar minute om na die stem van die Gees te luister. Skryf dan hierdie areas van beheer in jou lewe op papier neer en skeur dan die papier op as n simboliese losmaking van beheer.
. ("Make Room"; "Open Space")

**1 PETRUS 4:1-2** "Omdat Christus dan vir ons na die vlees gely het, moet julle jul ook wapen met dieselfde gedagte, dat wie na die vlees gely het, opgehou het met die sonde,
om die orige tyd in die vlees nie meer volgens die begeerlikhede van die mense te leef nie, maar volgens die wil van God.

# DAG 7: DRAAI WEG VAN VREES VIR MENSE NA VREES VIR GOD

**SPREUKE 29:25** *Die vrees vir die mens span 'n strik; maar hy wat op die HERE vertrou, sal beskut word.*

**GEBED: U is regverdig en waaragtig.**

**JESAJA 30:18** "*En daarom sal die HERE met ongeduld daarop wag om julle genadig te wees, en daarom sal Hy Hom verhef om Hom oor julle te ontferm; want die HERE is 'n God van die gerig. Welgeluksalig almal wat op Hom wag!*

***Ander stede in hierdie streek:***

- Ouagadougou, Burkina Faso
- N'Djamen'na, Chad
- Conakry, Guinea
- Bamako, Mali
- Niamey, Niger
- Nigeria: Ibadan, Kano, and Lagos

**OPENBARING 15:2-4** *en ek het gesien iets soos 'n see van glas, gemeng met vuur. En die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, oor die getal van sy naam, het ek by die see van glas sien staan, met siters van God.*
*En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam, en gesê: Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges!*
*Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige dade openbaar geword het.*

**BELYDENIS:** *Vergewe ons omdat ons die opinies van ander meer ag as U opinie.Help ons harte om in absolute vertroue aan U toegewy te wees  Vergewe ons, ons sonde o God.*

- *Die afgodediens om ander mense en dinge meer life te hê as vir U.*
- *Om n slaaf van vrees te wees eerder as om in U vryheid te leef.*

**JESAJA 33:6** *"n daar sal bestendigheid van jou tye wees, 'n rykdom van volle verlossing, van wysheid en kennis; die vrees van die HERE sal sy skat wees.*

**ROEP UIT VIR DIE OES IN: LAGOS, NIGERIA**
110 CITIES REGION: ***WES & SENTRAAL AFRIKA***

*HELE STREEK: 587.5 million population*
*459 onbereikte nasies*
*180 mensegroepe*

**MATTHEUS 24:14** *En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.*

1. Bid vir gelowiges om God bo mense, eerste te stel.
2. Bid vir die dissipel makers om alle afgode af te lê en God alleen te.
3. Bid vir bybel vertalings in die sleuteltale in hierdie streke: Wasa, Suid Nago, en Ayizo Gbe.

**DRAAI WEG VAN VREES VIR MENSE NA VREES VIR GOD:**
Vertel vandag vir iemand jou getuienis van God se vergifnis en Sy getrouheid.

**PSALM 128:1-4** *"'n Bedevaartslied. Welgeluksalig is elkeen wat die HERE vrees, wat in sy weë wandel!*
*Die opbrings van jou hande sal jy sekerlik eet; gelukkig is jy, en dit gaan met jou goed!*
*Jou vrou is soos 'n vrugbare wingerdstok binne-in jou huis; jou kinders soos olyfboompies rondom jou tafel.*
*Kyk, so sal sekerlik geseën word die man wat die HERE vrees.*

# DAG 8: DRAAI WEG VAN GIERIGHEID NA VRYGEWIGHEID

**SPREUKE 11:24** *"Daar is een wat ruim uitdeel en nog meer kry, en een wat terughou meer as wat reg is, maar tot sy gebrek.*
*"*

**GEBED : U IS OORDADIG IN U VRYGEWIGHEID**

***Ander stede in die streke:***

- Turkey: Ankara, Gaziantep, Diyarbakir, Antalya, en Istanbul
- Kazan en Moscow, Russia
- Athens, Greece
- Paris, France
- London, United Kingdom

**ROMEINE 8:31-32** *"Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vír ons is, wie kan teen ons wees?*
*Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?*

**2 PETRUS 1:3** *"Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug,*

**BELYDENIS:** *Vergeef ons wanneer ons selfsugtiglik vasklou aan ons aardse besittings, eerder as om U oordadige vrygewigheid te beoefen, wetende dat U ons alles sal gee wat ons nodig het as ons U aangesig eerste soek . Vergewe ons, ons sondes o God.*

- *Suinigheid met ons tyd, besittings en talente.*
- *Ondankbaarheid vir die uitnementheid wat U oor ons uitstort*

**MATTHEUS 6:33** *"maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.*


110




**UITROEP VIR DIE OES IN: MOSCOW, RUSLAND**
CITIES REGION: ***EUROPA/ASIë***

*HELE STREEK: 746 miljoen mense*

*574 onbereikte nasies*
*260 mensegroepe*




**PSALM 86:9** *".Al die nasies wat U gemaak het, sal kom en hulle voor u aangesig neerbuig, Here, en hulle sal u Naam eer''*

1. Bid vir die gelowiges om weg te beweeg van die wereldstelsel van koop en verkoop, na die gee en ontvang van die Koninkryk.
2. Bid vir die kerk on uit te reik na die ontheemde en vlugtelinge in die streek.
3. Bid vir bybel vertalings in die sleuteltale in hierdie streke: Pontic Greek, Montenegrin, en Romano-Serbian.

***Ander stede in hierdie streek:***

- Mexico City, Mexico
- Sao Paolo, Brazil
- Buenos Aires, Argentina
- Lima, Peru
- Santiago, Chile

**DRAAI WEG VAN GIERIGHEID NA VRYGEWIGHEID:**

Maak n tuisgemaakte geskenk of kos en gee vir die bure of iemand vir wie u nie normaalweg sal gee nie; selfs n annonieme geldelike bydrae.

**2 KORINTHIëRS 9:10** *''En mag Hy wat saad verskaf aan die saaier, ook brood verskaf om te eet en julle saad vermeerder en die vrug van julle geregtigheid laat toeneem''*

# DAG 9: DRAAI WEG VAN DIE LIEFDE VIR DIE WêRELD NA DIE LEWE VAN DIE KONINKRYK

**GALASIëRS 5:16-18** *"Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie;*
*Gal 5:17 want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.*
*Gal 5:18 Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie.*

**GEBED: U is ons belonging.**

**FILLIPENSE 3:7-13** *".Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag.*
*Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry*
*en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof;*
*sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word,*
*of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik.*
*Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is.*
*Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie.''*

**BELYDENIS:** *Vergewe ons omdat ons die skamele besittings van die wêreld najaag eerder as om te fokus op U in Wie die ewige skat verborge is, onder U geregtigheid en heerskappy. Vergewe ons, ons sonde o God.*




* *Strewe na die onmiddelike bevredigînge eerder as na die ewige loon.*

**Luiheid en wegval eerder as hardnekkige.*

**2 KORINTHIëRS 4:17-18** "*Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid; omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.''*

**UITROEP VIR DIE OES IN: SAO PAULO, BRAZILIë**

*HELE STREEK: Latyns Amerika 613.9 Mijoen mense*
*104 onbereikte nasies*
*53 Mensegroepe*

**PSALM 96:3** *".Vertel onder die nasies sy eer, onder al die volke sy wonders''*.

1. Bid vir gelowiges om openbaring van God se hart vir die verlorenes en onbereiktes te evaar en om in die evangelie veld in te beweeg
2. Bid dat gemeentes hul lede sal aanmoedig om uit hul gemaksones te beweeg sodat hulle dissipel sal wen vir die Koninkryk.
3. Bid vir bybel vertalings in die sleuteltale in hierdie streke: Embera-Baudo, Puebla en Noordoos Mazatec, en Tepinapa Chinantec.

**DRAAI WEG VAN DIE LIEFDE VIR DIE WêRELD NA DIE LEWE VAN DIE KONINKRYK:**
Kyk na alles op jou selfoon/rekenaar en verwyder alles wat jou aandag, van dit wat nie Koninkrykwaarde het nie, sal aftrek. Byvoorbeeld telefoon-/rekenaarspeletjies, sosiale media, DVD's).

**HEBREëRS 6:10-11** *"Want God is nie onregverdig om julle werk te vergeet nie en die liefde-arbeid wat julle betoon het vir sy Naam, omdat julle die heiliges gedien het en nog dien.*
*Maar ons verlang dat elkeen van julle dieselfde ywer mag toon om te kom tot die volkome sekerheid van die hoop tot die einde toe*;

# DAG 10: DRAAI WEG VAN ROND KYK NA OP KYK

**LUKAS 21:28** *"En Hy antwoord: Pas op dat julle nie mislei word nie; want baie sal onder my Naam kom en sê: Dit is ek! en: Die tyd is naby! Gaan dan nie agter hulle aan nie*

**GEBED: U is die blink Morester**

**OPENBARING 22:16-17** *"Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester.*
*En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.*

**BELYDENIS:** *Vergewe ons omdat on teneergedruk word deur die sorge van die lewe wat ons vasbind in sonde,Herhinner ons daaraan om ons oë op U gevestig te hou in afwagting op U wederkoms. Vergewe ons, ons sonde o God.*

- *Laste van die wêreld en die begeerte na rykdomme.*
- *Onbenullighede wat ons oë weglei van die belangriker dinge.*

**HEBREëRS 12:1** *"Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê,*

**UITROEP VIR DIE OES IN: NEW YORK CITY, NEW YORK, USA**

*HELE STREEK : Amerika/Karibiese eilande: 420.3 miljoen mense*

*168 onbereikte nasies*

*57 mensegroepe*

***Ander stede in hierdie streke:***

- USA: New York City, Los Angeles, Dallas / Ft. Worth, and Miami.




**FILLIPENSE 2:10-11** *"Sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is,*
*en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.*
*."*

1. Bid vir gelowiges om elke dag aan te gryp, hul lampe gevul met olie in voorbereiding van Christus se oorwinningstog

2. Bid vir die kerk om in afwagting vir Jesus se wederkoms te leef en te werk

.
3. Bid vir bybel vertalings in die sleuteltale in hierdie streke: Bahamas English Creole, Grenadian English Creole, en Turks and Caicos English Creole.

**DRAAI WEG VAN ROND KYK NA OP KYK :**
Vestig jou oë op die wederkoms van Christus. Praat met jou gemeenskap van gelowiges oor hoe om aktief hul lampe volt e hou met die oog op Jesus Christus se wederkoms.

**2 TIMOTHEUS 4:8** *"Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het.."*

WAT IS VOLGENDE? Verander jou gebede na aksies

*10 Days is opgewonde om saam BigLife te werk om almal te help om die volgende stap te nee mom Jesus se bevele te gehoorsaam. "Biglife versterk gelowiges regoor die wêreld sodat hulle mense in hul omgewings kan bereik vir Jesus; en sodoende die aksie van dissipels maak groter en groter te kan laat groei*

Leer meer: https://big.life or www.10days.net/dmm-training

SAL JY DAARVAN HOU OM VOORTDUREND SAAM ANDER TE BID VIR DIE WÊRELD?

[1] Bid vir  110 Cities & Unreached Weekly deur die dissipelskap sleutels te gebruik.

LEER MEER: https://www.disciplekeys.world/disciplekeys-pray/

[2] Teken aan om elke dag vir een stad te bid vir 15 minute lank, of weekliks vir evangeliese bewegings in 110 onbereikte stede van die wêreld

98 persentvam die oorblywende onbereikte mense is verteenwoordig in hierdie stede..

Leer meer: http://110cities.pray4movement.org

[3]Bid saam met Global Family 24/7 Online Prayer.

*10 Days 2020het baie mense laat besef dat daar n hongerte is na meer intersessie saam ander regoor die wereld.Dit het gelei tot die ontstaan van*

*24/7 Online Prayer Room wat leiers van meer as 50 nasies akkomodeer om, vir 24 ure aaneen, sedert 1 Januarie 2021,  in meer as 25 tale te bid. Ons sal bly wees as jy ook wil aansluit by ons deur Global Family.*

Learn More: linktr.ee/globalfamily247

**PARTNERS:**

Thank you to our fellow brothers and sisters in Christ around the world who have proclaimed the name of Jesus across the nations these past 10 days!

Global Family 24/7 Prayer, Aqueduct Project, Come to the Table, International Prayer Connect, 110Cities, Big.Life, Run Ministries, 24:14, The Return, Billion Soul Harvest, Pray for Zero, Go Movement, Reconnecting Ministries, Fellowship of Prayer Strategists, Disciple Keys, and Ethnê Prayer Movement.